*Dinsdag* **2 September**

**Skrifgedeelte: Jona 4:1-11**
**Fokusgedeelte: Jona 4:9-11 (AFR83/2020)**
**Komkommer-kommer?**

Hy het die boek Jona al meer as honderd keer gelees, sê ’n verklaarder van dié boek, en tog kan hy dit nog nie “met droë oë” lees nie. Jona vererg hom verskriklik omdat die komkommerplant (kasterolieplant: 2020-vertaling) wat God in sy goedheid oor hom laat opkom het, nie gespaar is nie (die woord “spaar” in die oorspronklike beteken letterlik “die oog vloei [is nat van trane] weens ... dus: “bedroef wees oor”).

Met ’n wonderlike humoristiese speletjie (sien die vorige dagstukkie) leer die HERE vir Jona en vir ons – in ons harde, koue, onmenslike eeu – dat Hy “liefde is” (soos 1 Joh. 4:8 in die tyd van vervulling sê). “As ons ontrou is [soos Jona] – Hy [God] bly getrou: Hy kan Homself nie verloën nie” (1 Tim. 2:13). Hy, die Almagtige, Skepper van hemel en aarde kán dít net nie doen nie! Dis of die hart van God breek wanneer Hy harde mense se harte oopbreek na sy onpeilbare goedheid toe: Jy huil oor die ou komkommerplantjie wat Ek jou gegee het, maar mag my oë nie “van trane vloei” oor hierdie groot stad vol met tallose klein kindertjies nie? En dan nog die baie diere daarin! Verstaan jy nie? Ek is nie ’n spieëlbeeld van jou kleinlike ontrouheid nie. Ek is die heilige God; nie ’n mens nie (sien ook Hos. 11:8, 9).

Is dit nie hoog tyd dat ek en jy weer ontdek wat God hier – maar ook in ander Skrifgedeeltes soos Jeremia 48: 31, 32, 36 – van Homself openbaar nie? Daar “huil” die HERE selfs oor die erfvyand van die Jode, Moab. Sien ek en jy deur die trane van Jesus, Immanuel (Luk. 19:41) die Vader se milde glimlag oor ons eie komkommer-kommers vandag?

*Sing: Psalm 103-1:7, 8*
*Dr. PP (Paul) Kruger (Emeritus)*